BID: Decoligny (2019-10-10)

BID:

- Dit het aan die lig gekom dat dit die OR Tambo Munisipaliteit in Mthatha is wat agter die myn van gruisgrond op Decoligny is. Nou het hulle 'n brief geskryf om "toestemming" te vra om kosteloos daar grond te myn om paaie te herstel. 'n Besluit moet dus deur die Kommissie vir Fondse en Administrasie van die Sinode hieroor geneem word. Wat verder verontrustend is, is dat die grondbesetters nou 'n betoging teen Sam Dandala beplan omdat hy kwansuis nie vir die gemeenskap omgee nie deurdat hy hulle probeer stop om die grond te myn.
- Bid vir die Kerkraad vergadering op 20 Oktober en die Kategese toetsing op 9 November in die gemeente.
- Bid vir reën in die Transkei gebied. By Sinethemba het hulle geen water nie en wanneer water aangery word, kom dit uit damme wat vir lank reeds geen invloei van water het nie; wat dit baie ongesond maak vir menslike gebruik. Uiteraard kon daar nog nie geploeg word om mielies te plant nie en kon daar ook nog nie in Sinethemba se tuin groente geplant word nie.

INLIGTING:

- Vandag vertrek 30 kinders van Sinethemba op hul jaarlikse besigtigingstoer na Oos-Londen. Vir die meeste van die kinders is dit die eerste keer in hul lewe wat hulle buite hul woongebied kom
- Dit gaan goed met Sam se studies. Hy kon sy studie boeke vervang wat gesteel is toe daar in sy voertuig ingebreek is.
- Een van die huurders op Decoligny, in Huis nr. 10, Ferdie Claassen, is onlangs oorlede na 'n lang stryd teen kanker. Ons bid vir sy vrou, Antoinette en hul kinders vir vertroosting en krag in hierdie tyd.

DANK:

- Vir die byeenkoms van die Ring van Mthatha se Vroue Aksie die naweek van 13 - 15 September in Mthatha gemeente. Hierdie Aksie is ook die aktiefste Aksie in die VGK.
- Die Manne Aksie van die Ring het vanaf 4 - 6 Oktober plaasgevind te Decoligny. Die groot frustrasie was dat hulle die hele naweek geen water gehad het nie en dat die elektriese kragkabel van die kerk en Bet-El gesaboteer is en hulle dus ook sonder elektrisiteit was.
- Die 25 jarige viering van die bestaan van die VGKSA in die Kaap, het besonder goed verloop. Sam kon die byeenkoms bywoon.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba)

Groete in Jesus Christus

Willem Botes
083 658 2154 / 021 854 4620
wgpbotes@gmail.com